

HOOFSTUK 6

DIE KENMOTIEF IN DIE DOEL VAN DIE SKRYWE (1:12-15 EN 3:1-2)

In hoofstuk 3 punt 6.2 is aangetoon dat die doel van die skrywe in 1:12-15 en 3:1-2 bekend gemaak word. Dit het ook geblyk dat vier kleiner gedagte-eenhede binne die doel van die brief afgebaken kan word, te wete:

- * *Gedagte-eenheid 1* (1:12): Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die opsomming van die apostel se leer in 1:3-11.
- * *Gedagte-eenheid 2* (1:13-14): Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die naderende dood van die apostel.
- * *Gedagte-eenheid 3* (1:15): Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die valse leraars.
- * *Gedagte-eenheid 4* (3:1-2): Die doel van die skrywe teen die agtergrond van die koms van die spotters.

Dit is opvallend dat die kenmotief in die doel van die skrywe so versprei is dat dit in al vier die gedagte-eenhede figureer (vergelyk hoofstuk 3 punt 7.3); daarom word die kenmotief in hierdie hoofstuk bestudeer volgens die gemelde eenhede.

In die loop van die hoofstuk word daar na die vier gedagte-eenhede verwys in ooreenstemming met bostaande indeling, dit wil sê dat *Gedagte-eenheid 1* byvoorbeeld verwys na die gedeelte waarin die doel van die brief teen die agtergrond van die opsomming van die apostel se leer verstaan moet word, ensovoorts.

1. Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 (1:12)

Om die kenmotief in gedagte-eenheid 1 aan te toon, word eerstens bepaal of die woorde in hierdie gedagte-eenheid wat volgens hoofstuk 3 punt 7.3 as moontlike motiefdraers aangewys is, wel die kenmotief in hierdie gedagte-eenheid na vore bring. Indien wel, word die kenmotief in gedagte-eenheid 1 aan die hand van hierdie woorde in meer besonderhede bestudeer.

1.1 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief tot uitdrukking kom in gedagte-eenheid 1

Die woorde wat in hoofstuk 3 punt 7.3.1 uitgesonder is as moontlike draers van die kenmotief in gedagte-eenheid 1 is, is die volgende:

- * Ὑπομνήσκειν (1:12).
- * Εἰδότας (1:12).
- * Ἐστηριγμένους (1:12).

Elkeen van hierdie woorde word nou ondersoek om te bepaal of die woorde inderdaad die kenmotief aandui.

1.1.1 Ὑπομνήσκειν

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:253) dat ὑπομνήσκω in slegs een semantiese veld aangewend word, te wete *Geheue en herinner* (29). Hierdie veld hou inderdaad met die kenmotief verband (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Dit blyk dus dat ὑπομνήσκειν in 1:12 wel die aanwesigheid van die kenmotief bevestig.

1.1.2 Εἰδότας (1:12)

Οἶδα figureer in die volgende vier semantiese velde (Louw & Nida, 1988ii:172.):

- * Ken (28).
- * Geheue en herinner (29).
- * Verstaan (32).
- * Eer (87).

Dit blyk dat die eerste van bogenoemde vier velde van toepassing is, en wel op grond van die volgende redes: In 1.1.1 is aangetoon dat ὑπομνήσκειν gebruik word met verwysing na *herinnering*, dit wil sê om bepaalde *inligting* uit die geheue op te roep. Εἰδότας word in 1:12 as toegewing gestel by ὑπομνήσκειν deur die merker καίπερ. Εἰδότας dien die beste as 'n *toegewing* by ὑπομνήσκειν indien dit verwys na semantiese veld 28, en meer spesifiek betekenis 28.1 (om *inligting* te hê in verband met iets). Petrus het dit nodig gevind om die lesers te herinner al (καίπερ) beskik hulle oor *inligting in verband met* die dinge waaraan hy hulle herinner.

Εἰδότας funksioneer dus in 'n semantiese veld wat verband hou met die kenmotief (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en daarom kan aanvaar word dat Petrus deur εἰδότας die kenmotief na vore bring.

1.1.3 Ἐστηριγμένους

Louw en Nida (1988ii:228) toon aan dat στηρίζω binne die volgende drie semantiese velde funksioneer:

- * Bekwaam, Geskik (75).
- * Bestaan in ruimte (85).
- * Dink (30).

Van hierdie drie semantiese velde hou slegs veld 30 verband met die kenmotief (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Daarom sou ἐστηριγμένους in 1:12 die kenmotief dra slegs as dit in semantiese veld 30 funksioneer. Louw en Nida (1988ii:228) toon egter aan dat ἐστηριγμένους in semantiese veld 30 slegs as deel van 'n idioom funksioneer. Die betrokke idioom is egter nie in 1:12 ter sprake nie en daar kan dus aanvaar word dat dié woord in 1:12 nie in veld 30 gebruik word nie en dus ook nie die kenmotief na vore bring nie.

1.1.4 Slotsom

Dit blyk uit voorafgaande dat ὑπομμνήσκειν en εἰδότης in gedagte-eenheid 1 die kenmotief dra.

1.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 soos na vore gebring deur die woorde ὑπομμνήσκειν en εἰδότης

Ten einde vas te stel op watter wyse die kenmotief deur die woorde ὑπομμνήσκειν en εἰδότης in gedagte-eenheid 1 funksioneer, word die betekenis waarvoor die woorde in 1:12 aangewend word gedefinieer. Om die betekenis waarvoor die woorde gebruik word te definieer, word die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is, gevolg.

Nadat bepaal is watter woorde die kenmotief na vore bring, word die kenmotief, soos dit deur hierdie woorde in gedagte-eenheid 1 gedra word, bestudeer.

1.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ὑπομμνήσκειν in 1:12 gebruik word

1.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ὑπομμνήσκειν in 1:12 gebruik word

Louw en Nida (1988i:347) toon aan dat ὑπομμνήσκω in slegs in een van die subdomeine in die semantiese veld *Geheue en oproep* (29) funksioneer (vergelyk punt 1.1.1 waar aangetoon is dat ὑπομμνήσκειν in semantiese veld 29 aangewend word), te wete subdomein B, en vir een betekenis in hierdie subdomein, naamlik *om te veroorsaak dat inligting uit die geheue opgeroep word en weer daarvoor gedink word* ((29.10).

1.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne ὑπομιμνήσκειν in 1:12 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 5 punt 2.4.4.1 is die semantiese veld *Geheue en herinner* (29) reeds in die geheelkonteks van ander semantiese velde geplaas. Uit hierdie situering binne die geheelkonteks blyk dit dat ὑπομιμνήσκειν in 1:12 verband hou met die berging en die oproep van inligting uit die geheue.

1.2.1.3 Die subdomein waarbinne ὑπομιμνήσκειν in 1:12 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Soos in hoofstuk 5 punt 2.4.4.3 aangetoon, kan die semantiese veld *Geheue en herinner* (29) in vier subdomeine verdeel word:

- * Die berging van inligting (A).
- * Oproep uit die geheue (B).
- * Nie onthou nie, Vergeet (C).
- * Oproep en met gepaste optrede daarop reageer (D).

Wanneer subdomein B, waarbinne ὑπομιμνήσκειν figureer, met die ander drie subdomeine gekontrasteer word, is dit duidelik dat subdomein B nie die klem laat val op die *berging* van inligting, soos subdomein A nie. Ook word daar nie klem gelê op gepaste optrede nadat inligting uit die geheue opgeroep is - soos in subdomein D nie. Subdomein B laat die klem val op die *oproep* van die inligting uit die geheue. Subdomein B staan in kontras met subdomein C: terwyl subdomein C verband hou met die vergeet van inligting, handel subdomein B juis oor die onthou van die inligting.

Dit is uit bostaande duidelik dat daar in die definiëring van die betekenis waarvoor die woord ὑπομιμνήσκειν gebruik word, aan die *oproep van inligting uit die geheue* aandag gegee behoort te word.

1.2.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ὑπομιμνήσκειν in 1:12 gebruik word

Louw en Nida (1988i:347-348) toon aan dat daar binne subdomein B sewe betekenis (29.6-29.12) voorkom.

Wanneer betekenis 29.10, waarvoor ὑπομιμνήσκειν 1:12 aangewend word, met die ander ses betekenis gekontrasteer word, blyk dit eerstens dat die komponent *om te veroorsaak dat onthou word* in betekenis 29.10 beklemtoon word. Anders as betekenis 29.8 ontvang die

herhaalde oproep van inligting uit die geheue nie klem nie. Die vermoë om uit die geheue op te roep, staan nie in 29.10, soos in 29.6, op die voorgrond nie. Die middele wat veroorsaak dat onthou word, figureer nie, soos in 29.11 en 29.12, in betekenis 29.10 nie. Die persoon wat veroorsaak dat onthou word, is nie omskryf in betekenis 29.10 nie, terwyl dit wel in betekenis 29.9 omskryf word.

Die kontrastering van betekenis 29.10 met die ander betekenis se laat verder blyk dat 'n tweede betekenis-komponent in betekenis 29.10 beklemtoon word, te wete die komponent *om te veroorsaak dat weer opnuut gedink word aan dit wat uit die geheue opgeroep is*. Die herhaalde opnuut dink aan dit wat opgeroep is, staan egter nie, soos in betekenis 29.8, op die voorgrond nie. Die woord beskryf dus 'n daad waarin veroorsaak word dat inligting weer vars voor oë gekry word.

1.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord ὑπομνήσκειν in 1:12 gebruik word

Uit die voorgaande studie is dit duidelik dat ὑπομνήσκειν in 1:12 gebruik word om die daad te beskryf waarin daar veroorsaak word dat inligting uit die geheue opgeroep word en dat daar weer opnuut daarvoor gedink word.

Die betekenis waarvoor ὑπομνήσκειν in 1:12 gebruik word, kan in Afrikaans met *herinner* weergegee word.

1.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord εἰδότας in 1:12 gebruik word

1.2.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor εἰδότας in 1:12 gebruik word

Soos in punt 1.1.2 aangetoon is, word εἰδότας in 1:12 in die semantiese veld *Ken* (28) en die subdomein *Ken* (A) gebruik om die betekenis *om inligting te hê oor* (28.1) aan te dui.

1.2.2.2 Die semantiese veld waarbinne εἰδότας in 1:12 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 5.2.1.2 is die semantiese veld *Ken* (28), waarbinne die skrywer εἰδότας in 1:12 laat funksioneer het, in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Daaruit is dit duidelik dat daar by die definiëring van die betekenis waarvoor εἰδότας in 1:12 gebruik word, in gedagte gehou moet word dat die veld waarbinne die woord opereer, veronderstel dat inligting reeds bekom is.

1.2.2.3 Die subdomein waarbinne εἰδότης in 1:12 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Daar is in hoofstuk 4 punt 5.2.1.3 aangetoon dat semantiese veld 28 die volgende vyf subdomeine omvat:

- * Ken (A).
- * Bekend (B).
- * Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar (C).
- * Kenbaar (D).
- * Onkenbaar (E).

Die kontrastering van subdomein A met die ander subdomeine in dieselfde semantiese veld, lewer geen toepaslike inligting op wat bydraend mag wees tot die definiëring van die betekenis waarvoor die woord εἰδότης in 1:12 gebruik word nie.

1.2.2.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne εἰδότης in 1:12 gebruik word

Subdomein *Ken* (A) omvat sestien betekenis (28.1-28.16). Wanneer die betekenis waarvoor die woord εἰδότης in 1:12 gebruik word (28.1), met die ander betekenis in die subdomein gekontrasteer word, is dit duidelik dat al die betekenis verband hou met die besit van inligting. Die kontrastering met die ander betekenis toon ook dat in betekenis 28.1, die besit van kennis in die algemeen na vore gebring word. Die inligting wat volgens betekenis 28.1 besit word, is nie soos in betekenis 28.2-28.4 spesifieke soort kennis nie en die wyse waarop die inligting besit word, word ook nie in die betekenis na vore gebring, soos in betekenis 28.5-28.6 nie. Dit blyk dat εἰδότης in 1:12 gebruik word om die besit van inligting in die algemeen te beskryf.

1.2.2.5 Die betekenis waarvoor die woord εἰδότης in 1:12 gebruik word

Daar kan uit die voorgaande studie afgelei word dat Petrus εἰδότης in 1:12 gebruik om in die algemeen die besit van inligting wat bekom is, te beskryf.

Die woord *weet* sou in Afrikaans die betekenis waarvoor εἰδότης in 1:12 gebruik word, kon be-teken.

1.2.3 Die verband van ὑπομνήσκειν en εἰδότης met die res van gedagte-eenheid 1

1.2.3.1 ὑπομνήσκειν en die opsomming van die leer van die apostel in 1:3-11

In 1:12 verwys Petrus met die frase περί τούτων terug na die opsomming van sy leer wat hy in 1:3-11 gegee het (vergelyk hoofstuk 3 punt 6.2).

Die apostel het die opsomming van sy leer tot 'n hegte eenheid saamgestel. Hierdie eenheid blyk uit die feit dat die apostel se leer in die vorm van 'n Joods-Christelike homilie gestruktureer is (vergelyk hoofstuk 2 punt 1.4) en dat die onderdele van die homilie, naamlik die historiese gedeelte (1:2-3), die etiese aansporingsgedeelte (1:5-10) en die eskatologiese gedeelte (1:11) baie opmerklik met mekaar verbind word (let op καὶ αὐτο τοῦτο δέ in 1:5 en οὕτως γάρ in 1:11). Wanneer Petrus dan met die frase περί τούτων na die opsomming verwys, het hy nie net 'n sekere gedeelte daarvan in gedagte nie, maar verwys hy na die opsomming in geheel.

Dit blyk dus dat die apostel wil veroorsaak dat die lesers die dinge wat hy in die opsomming van sy leer uiteengesit het, weer uit die geheue oproep en opnuut daarvoor dink (vergelyk punt 1.2.1.5 vir die betekenis waarvoor die woord ὑπομνήσκειν in 1:12 gebruik word).

1.2.3.2 Die tyd wanneer Petrus die lesers wil herinner en die wyse waarop hy hulle wil herinner

Die gebruik van die *futurum* μελλήσω in 1:12 laat die vraag ontstaan *wanneer* Petrus die lesers wil herinner en *hoe* hy dit wil doen.

Soms aanvaar skrywers (vergelyk byvoorbeeld Picirilli, 1963:98 en Lenski, 1966:280) dat die skrywer met die *futurum* μελλήσω wil beklemtoon dat hy in die toekoms *gereed sal wees* om die lesers te herinner. Die feit dat Petrus stel dat hy altyd (ἀεί) die lesers sal herinner, maak hierdie interpretasie egter minder aanvaarbaar. Petrus sê immers in 1:14 uitdruklik dat hy nie meer lank gaan leef nie. Dit sou baie eienaardig wees indien "altyd" verwys na die kort tyd wat in 1:14 vermeld word.

Bigg (1969:263) bied 'n aanvaarbare verklaring aan, te wete dat μελλήσω saam met die infinitief gebruik word as 'n doelsaanduidende *futurum* indikatief. Volgens hierdie interpretasie verwys Petrus nie na 'n daad wat hy in die toekoms sal verrig nie, maar na die doel wat *die brief* sal dien. Die brief wat hy aan die lesers skryf, sal in die toekoms die lesers herinner. Op so 'n wyse sal Petrus self die lesers in die toekoms herinner. Die gebruik van die woord "altyd" (ἀεί) ondersteun hierdie interpretasie. Petrus sal die lesers in die toekoms *altyd* (ἀεί) herinner deurdat hulle *altyd* sy brief tot hulle beskikking sal hê.

Uit bostaande is dit duidelik dat Vögtle (1972:298-300) gelyk het wanneer hy daarop wys dat die testamentkarakter van 2 Petrus in die gebruik van ἀεί na vore tree. Deur die brief tot die

lesers te rig, laat die skrywer 'n geestelike testament na waardeur hy hulle altyd, selfs na sy dood, sal herinner.

Dit blyk dus dat die skrywer die lesers deur sy brief wil herinner. Deur die brief laat hy vir hulle 'n geestelike testament na wat nie slegs voor sy dood nie, maar *altyd* as herinnering kan dien.

1.2.3.3 Die hoedanigheid waarin die skrywer die lesers herinner

In die lig daarvan dat die skrywer in die aanhef van die brief uitdruklik duidelik gemaak het dat hy as slaaf en apostel van Jesus Christus die brief skryf (vergelyk hoofstuk 4 punt 4.2), moet aanvaar word dat die skrywer, wanneer hy die lesers herinner, dit in onderdanigheid aan Jesus Christus en as gesant van Jesus Christus doen.

Wanneer Petrus dus die skrywe tot die lesers rig, is dit nie maar 'n gelowige wat graag wil hê dat ander gelowiges, selfs na sy dood, aan die dinge wat hy verkondig het, herinner moet word nie. Die lesers word as't ware deur Jesus Christus self herinner, want hulle word herinner deur iemand wat getrou is aan Jesus Christus wat hulle herinner en dit is iemand wat die roeping ontvang het om in die naam van Jesus Christus op te tree.

1.2.3.4 Εἰδότης en die opsomming van die apostel se leer (1:3-11)

Die objek van εἰδότης in 1:12 is weggelaat. Daar kan aanvaar word dat Petrus die inhoud van τούτων 1:12 as objek van εἰδότης bedoel. In punt 1.2.3.1 is aangetoon dat τούτων na die opsomming van die apostels se leer in 1:3-11 verwys. Petrus gee dus toe dat die lesers inligting besit oor die die leer wat hy in 1:3-11 aan hulle voorhou (vergelyk punt 1.2.2.5 vir die betekenis waarvoor εἰδότης in 1:12 gebruik word).

Petrus se stelling dat die lesers inligting besit oor die leer waaraan hy hulle wil herinner, hou meer in as net 'n vriendelike opmerking teenoor die lesers (Kelly, 1969:312). Wanneer in ag geneem word dat Petrus reeds in 1:1 duidelik gemaak het dat die lesers en die apostels "dieselfde geloofswaarhede" verkry het (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.4), kan aanvaar word dat Petrus deur hierdie stelling die lesers daarop bedag maak dat die dinge waaraan hy hulle herinner, nie nuwe leerstellinge is nie. Dit is dieselfde geloofswaarhede wat hulle met die apostels as geloofsgrond deel.

1.2.3.5 Ὑπομνήσκειν en εἰδότης

In die lig daarvan dat Petrus sê dat die lesers kennis dra (εἰδότης) van die dinge waaraan hy hulle herinner, ontstaan die vraag waarom hy hulle ook nog daaraan wil herinner. Wanneer

die betekenis waarvoor hy die woord ὑπομιμνήσκειν gebruik word, in ag geneem word, is dit duidelik dat Petrus nie maar net wil hê dat die lesers inligting moet besit oor die leer wat hy aan hulle verkondig nie (vergelyk die betekenis waarvoor εἰδότας aangewend word in punt 1.2.2.5). Hy wil hê die leer moet vir hulle voorop staan. Hulle moet dit nuut en vars voor oë hê (vergelyk die betekenis waarvoor ὑπομιμνήσκειν in 1:12 gebruik word volgens punt 1.2.1.5).

Petrus beklemtoon dus vir die lesers dat dit nie genoegsaam is om maar net kennis te dra van die leer wat hy aan hulle verkondig nie; hulle moet dit vars voor oë hê.

1.2.3.6 Ὑπομιμνήσκειν en die standvastigheid van die lesers

Petrus sê in 1:12 dat die lesers vasstaan in die waarheid (ἀληθεία). Dit blyk dat die woord ἀληθεία in die vroeg-Christelike kerk gebruik is om die evangelie wat deur die apostels verkondig is, aan te dui (vergelyk Gl. 2:5, 14; Ef. 1:13 Kol. 1:5; 2 Ts. 2:12-13; 2 Tm. 2:15; Jk. 1:18 2n 2 Jh. 4). Die feit dat Petrus die lesers in 3:2 aan die gebod van die *apostels* herinner, en die feit dat hy in 1:16 laat deurskemer dat die *apostels* aan die lesers verkondig het (vergelyk hoofstuk 7 punt 1.2.3.1), dui aan dat Petrus met ἀληθεία in 1:12 na die evangelie verwys wat deur die apostels aan die lesers verkondig is.

Petrus maak met die frase τῇ παρουσίᾳ ἀληθεία duidelik dat hierdie waarheid nie vir die eerste keer aan die lesers verkondig word nie - die waarheid is reeds in hulle midde (Bauckham, 1983:198)

Volgens 1:12 staan die lesers in hierdie waarheid vas (ἔστηριγμένους). Petrus maak later in die brief bekend dat dit onstandvastige (ἀσθηρίκτους) mense is wat deur die valse leraars verlei word (2:14) en dat dit onstandvastige (ἀσθηρίκτοι) mense is wat Petrus se briewe en ander Skrifte verdraai (3:16). Hy sê ook in 3:17 dat die lesers waaksaam moet wees daarvoor dat hulle nie meegesleep word en wegval uit hulle standvastigheid (στηριγμοῦ) nie. Dit blyk dus dat ἔστηριγμένους in 1:12 na onwankelbaarheid in houding verwys (vergelyk ook Louw & Nida, 1988i:678). Die lesers is mense wat, toe Petrus die brief geskryf het, standvastig was in hulle oortuigings oor die evangelie wat die apostels aan hulle verkondig het.

Die skrywer beklemtoon egter deur die gebruik van καίπερ in 1:12 dat, al staan die lesers ook vas in die evangelie wat die apostels aan hulle verkondig het, dit nie genoegsaam is nie. Hy vind dit nog steeds nodig om hulle te herinner.

Die rede waarom die lesers dit nodig vind is duidelik. Die aanslag van die valse leraars kan veroorsaak dat hulle hul standvastigheid verloor (vergelyk 3:17). Die antwoord vir hierdie gevaar is dat die lesers altyd aan die dinge wat in 1:3-11 aan hulle voorgehou word, herinner

moet word. Hulle moet die dinge altyd vars voor oë hê (vergelyk die betekenis waarvoor ὑπομνήσκειν gebruik word in punt 1.2.1.5).

2. Die kenmotief in die gedagte-eenheid 2 (1:13-14)

Ten einde vas te stel watter plek die kenmotief in gedagte-eenheid 2 inneem, word die voorkoms van woorde waarin die kenmotief moontlik na vore kom, eerstens ondersoek. Nadat bepaal is watter woord/e die kenmotief dra, word die kenmotief, soos dit deur hierdie woord/e in gedagte-eenheid 2 gedra word, verder ondersoek.

2.1 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief tot uitdrukking kom in gedagte-eenheid 2

Petrus gebruik die volgende woorde waarin die kenmotief moontlik na vore tree in gedagte-eenheid 2:

- * Ἠγοῦμαι (1:13).
- * Ὑπομνήσει (1:13).
- * Διεγείρειν¹ (1:13).
- * Εἰδώς (1:14).
- * Ἐδήλωσέν (1:14).

Hierdie woorde word nou verder ondersoek om te bepaal of hulle werklik die kenmotief dra.

2.1.1 Ἠγοῦμαι (1:13)

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:114) duidelik dat ἡγέομαι in die volgende semantiese velde funksioneer:

- * 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31).
- * Lei, Dissipline, Volg (36).
- * Beheer, Regeer (37).

Uit die sintaktiese opbou van 1:13 blyk dit dat ἡγοῦμαι in semantiese veld 31 aangewend word. Ἠγοῦμαι word immers gevolg deur 'n dubbele akkusatief, naamlik die naamwoordsin διεγείρειν ὑμῶς en die byvoeglike naamwoord δίκαιον. Die byvoeglike naamwoord

¹ Volgens Louw en Nida (1988ii:62) word διεγείρειν nie aangewend binne enige semantiese veld wat aan die kenmotief gekoppel is nie. In punt 2.1.2 word egter aangetoon dat διεγείρειν gebruik word vir 'n figuurlike verbreiding van die betekenis "om wakker te maak" (in 1:13), en dat dit in semantiese veld 27 aangewend word.

impliseer 'n waarde-oordeel van die naamwoordsin: "om julle op te wek" is "reg". As sodanig figureer die werkwoord ἠγοῦμαι dus op die vlak van semantiese veld 31 vir die betekenis *om 'n bepaalde oordeel/opinie van sake te hê*.

Daarteenoor is 'n poging om semantiese veld 36 en 37 van toepassing te maak, nie suksesvol nie.

2.1.2 Διεγείρειν

Volgens Louw en Nida (1988ii:62) word διεγείρω in slegs twee semantiese velde aangewend, te wete *Fisiologiese prosesse en toestande* (23) en *Geval* (90). Louw en Nida (1988i:805) aanvaar dat die woord διεγείρειν in 1:13 in laasgenoemde semantiese veld gebruik word en wel as 'n merker "of a causative relation, with the implication of a significant change in state".

Die feit dat Petrus egter reeds in 1:13 duidelik gemaak het dat dit belangrik is dat die lesers nie net inligting oor die dinge waaraan hy hulle wil herinner, moet besit nie (vergelyk punt 1.2.3.5), maar dat hierdie inligting vir hulle opnuut voor oë moet staan, laat blyk dat Petrus waarskynlik 'n soortgelyke gedagte met διεγείρειν by die lesers wil tuisbring. Petrus beskou dit as gepas om die lesers wakker te maak. Petrus wil egter nie die lesers fisies wakker maak nie, maar wil hulle wakker maak uit 'n "geestelike slaperigheid, zedelijke verslapping en ingezonkenheid" (Greijdanus, 1929:262; vergelyk ook Knoch, 1990:25). Die feit dat daar in die brief gehandel word oor valse leraars wat mense sal meesleep (vergelyk 3:17), ondersteun hierdie interpretasie. Dit is dus duidelik dat Petrus διεγείρειν as 'n figuurlike verlenging gebruik van die betekenis *om te veroorsaak dat iemand wakker word*.

Dit blyk dat Petrus die woord διεγείρειν aanwend in die semantiese veld *Leer* (27) in subdomein *Gereed om te leer, Aandag gee* (F) vir die betekenis *om te veroorsaak dat iemand gereed is*.

Omdat semantiese veld 27 aan die kenmotief gekoppel is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), kan aanvaar word dat Petrus die woord gebruik om die kenmotief na vore te bring.

2.1.3 Ὑπομνήσει (1:13)

Louw en Nida (1988ii:253; 1988i:347-348) toon aan dat ὑπόμνησις in slegs een semantiese veld, te wete *Geheue en herinner* (29), in een subdomein, naamlik *Oproep uit die geheue* (B) en vir een betekenis gebruik word, te wete *om te veroorsaak dat inligting uit die geheue opgeroep word en dat weer daarvoor gedink word* (29.10). Semantiese veld 29 is aan die kenmotief verbind en dit blyk dat ὑπομνήσει in 1:13 die kenmotief dra.

2.1.4 Εἰδώς (1:14)

Soos in punt 1.1.2 aangetoon is, word οἶδα in die volgende semantiese velde aangewend:

- * Ken (28).
- * Geheue en herinner (29).
- * Verstaan (32).
- * Eer (87).

Dit blyk uit die verband dat Petrus in 1:14 duidelik maak dat hy sekere inligting besit. Hy weet dat die aflegging van sy tentwoning naby is. Daaruit kan afgelei word dat εἰδώς in 1:13 nie in semantiese velde 29, 32 of 87 aangewend word nie, maar in semantiese veld 28. In die lig daarvan dat semantiese veld 28 aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), kan aanvaar word dat εἰδώς in 1:14 die kenmotief dra.

2.1.5 Ἐδήλωσεν

Δηλώω word in twee semantiese velde aangewend, te wete *Ken* (28) en *Kommunikasie* ((33); vergelyk Louw & Nida, 1988ii:57). Semantiese veld 28 is een van die velde wat aan die kenmotief gekoppel is, maar nie semantiese veld 33 nie (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Wanneer die woord δηλώω in semantiese veld 33 aangewend word, verwys die woord na betekeniskomponent *duidelik maak deur verduideliking*. Wanneer δηλώω in semantiese veld 28 gebruik word, is die volgende betekeniskomponent relevant: *duidelik maak wat voorheen onbekend of onduidelik was*. In die lig daarvan dat daar in 1:13 gehandel word oor Petrus se naderende dood, kan aanvaar word dat Petrus ἐδήλωσεν in semantiese veld 28 aanwend. Dit sou immers moeilik wees om te verklaar hoe Petrus *deur verduideliking* tot die besef van sy naderende dood gekom het.

Petrus wend dus die woord ἐδήλωσεν in semantiese veld 28 aan. Aangesien hierdie veld met die kenmotief verband hou (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), is dit duidelik dat Petrus die kenmotief deur die gebruik van hierdie woord na vore bring.

2.1.6 Slotsom

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat die volgende woorde die kenmotief na vore bring: ἡγοῦμαι (1:13), ὑπομνήσει(1:13), διεγείρειν (1:13), εἰδώς (1:14) en ἐδγήλωσέν (1:14).

2.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2, soos gedra deur die woorde ἡγοῦμαι, ὑπομνήσει, διεγείρειν, εἰδώς en ἐδγήλωσέν.

Die funksionering van die kenmotief in gedagte-eenheid 2 soos gemanifesteer in die gebruik van die woorde ἡγοῦμαι (1:13), ὑπομνήσει (1:13), διεγείρειν (1:13), εἰδώς (1:14) en ἐδγῆλωσέν (1:14) word nou bestudeer. Eerstens word die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, gedefinieer volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is.

Ná die betekenisdefiniëring word nagegaan hoe die kenmotief in gedagte-eenheid 2 deur hierdie woorde gedra word.

2.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word

2.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word

Daar is reeds aangetoon dat ἡγοῦμαι in 1:13 in semantiese veld 31 gebruik word vir die betekenis *om 'n perspektief op iets te hê of om 'n opinie oor iets te huldig* (31.1). Hierdie betekenis word aangewend in die subdomein *'n opinie hê, 'n Perspektief hê* (A) aangewend (Louw en Nida, 1988i:366).

2.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 3.2.1.2 is die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31), waarbinne ἡγοῦμαι voorkom in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Deur die plasing in die geheelkonteks het dit duidelik geword dat semantiese veld 31 veronderstel dat inligting reeds verwerk is en dat daar tot 'n besluit gekom is.

In die definiëring van die betekenis waarvoor ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word, moet aandag gegee word aan die feit dat die semantiese veld waarin ἡγοῦμαι gebruik word, veronderstel dat inligting reeds verwerk is en daar reeds tot 'n besluit gekom is.

2.2.1.3 Die subdomein waarbinne ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Die subdomein *'n Opinie hê, 'n Perspektief hê* (A), waarin ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word, word deur Louw en Nida (1988i:366) eerste geplaas in die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31). Dit blyk dat subdomein A 'n domein is wat die meer algemene betekenis in semantiese veld 31 omvat. Die betekenis in subdomein A maak nie soos die betekenis in subdomein *Om 'n verkeerde perspektief te hê, Misreken* (B) duidelik dat die

opinie of perspektief verkeerd is nie. Ook toon die betekenis in subdomein A nie soos in subdomein *Saamstem, Eenstemmigheid* (C), dat daar ooreenstemming van opinie is nie.

Dit blyk dat daar by die definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἡγοῦμαι gebruik word, rekening gehou moet word met die algemene aard van die subdomein waarbinne dit voorkom.

2.2.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word

Louw en Nida (1988i:366) toon aan dat daar in die subdomein 'n *Opinie hê, 'n Perspektief handhaaf* (A) saam met die betekenis waarvoor ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word (31.1), ses ander betekenis (31.2-31.7) voorkom. Die kontrastering van betekenis 31.1 met die ander betekenis toon dat betekenis 31.1 nie, soos betekenis 31.2, enige gronde vir die opinie of perspektief aandui nie en ook nie, soos betekenis 31.4, 'n spesifieke perspektief wat gehandhaaf word, aandui nie. Dit blyk dat betekenis 31.1, wanneer dit met al ses die ander betekenis gekontrasteer word, meer in die algemeen verband hou met 'n perspektief op iets hê of 'n opinie oor iets huldig.

2.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word

Dit blyk uit punte 3.2.1.1-3.2.1.4 dat ἡγοῦμαι in 1:13 verwys na die algemene betekenis *om 'n opinie te hê of 'n perspektief te handhaaf*.

Die betekenis waarvoor die woord ἡγοῦμαι in 1:13 gebruik word, kan in Afrikaans met "beskou" weergegee word.

2.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord διεγείρειν in 1:13 gebruik word

2.2.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor διεγείρειν in 1:13 gebruik word

Daar is reeds in punt 2.1.2 aangetoon dat Petrus διεγείρειν in 1:12 aanwend in die subdomein *Om gereed te wees, Aandag gee* (F) vir die betekenis *om te veroorsaak dat iemand gereed is* (27.56a)².

² In die lig daarvan dat Louw en Nida (1988ii:62) nie aandui dat διεγείρω in subdomein *Om gereed te wees, Aandag gee* (F) voorkom nie, word 'n eie nommer aan die betekenis toegeken. Die betekenis waarvoor die woord

2.2.2.2 Die semantiese veld waarbinne διεγείρειν in 1:13 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Die semantiese veld *Leer* (27) hou soos die semantiese velde *Ken* (28), *Geheue en herinner* (29), *Dink* (30), *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en *Verstaan* (32) verband met inligting. Anders as die ander velde, lê die klem in semantiese veld 27 op die *verwerwing* van kennis.

Die woord διεγείρειν in 1:13 sal dus verband hou met die verwerwing van kennis.

2.2.2.3 Die subdomein waarbinne διεγείρειν in 1:13 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Die semantiese veld *Leer* (27) kan verder in die volgende sewe subdomeine verdeel word:

- * Leer (A).
- * Die bepaling van iets se ligging (B).
- * Leer iets teen iemand (C).
- * Probeer leer (D).
- * Gewillig om te leer (E).
- * Gereed om te leer, Aandag gee (F).
- * Erken (G).

(Louw en Nida, 1988i:325.)

Dit is duidelik dat subdomein F van die ander subdomeine verskil deurdat subdomein F die klem op die betekenis-komponent *gereedheid* laat val en nie soseer op gewilligheid of 'n poging om te leer nie.

Die betekenis-komponent *gereedheid* behoort dus 'n belangrike komponent te wees van die betekenis waarvoor die woord διεγείρειν in 1:12 gebruik word.

2.2.2.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne διεγείρειν in 1:13 gebruik word

In die subdomein *Om gereed te wees, Aandag gee* (F) dui Louw en Nida (1988i:333-334) ses betekenis (27.55-27.60) aan. Wanneer betekenis 27.56a³ met die ander betekenis gekontrasteer word, blyk dit dat betekenis 27.56a nie soos betekenis 27.56 noodwendig 'n

³ διεγείρειν gebruik word, kom baie nou ooreen met betekenis 27.56 en kan daarom tussen 27.56 en 27.57 ingevoeg word deur aan dit die nommer 27.56a toe te ken.

³ Vir die numering 27.56a, sien punt 2.2.2.1.

voortdurende gereedheid insluit nie en ook nie noodwendig verband hou met 'n gevaar in die toekoms soos betekenis 27.58 en 27.59 nie. Betekenis 27.56a verskil ook van die ander betekenis in dieselfde subdomein deurdat in betekenis 27.56a beklemtoon word dat *veroorzaak word* dat iemand gereed is.

2.2.2.5 Die betekenis waarvoor die woord διεγείρειν in 1:13 gebruik word

Daar kan uit die voorgaande studie afgelei word dat διεγείρειν in 1:13 verband hou met die verwerwing van kennis. *Gereed wees* is 'n belangrike komponent van die betekenis waarvoor die woord gebruik word. In die betekenis waarvoor die woord διεγείρειν in 1:12 gebruik word, kom die volgende komponent voor: *veroorzaak dat iemand gereed is*.

Dit blyk dat die woord διεγείρειν gebruik word vir die betekenis *om te veroorsaak dat iemand se verworwe kennis paraat is*.

Die betekenis waarvoor dié woord aangewend word, kan in Afrikaans met "opwek" weergegee word.

2.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ὑπομνήσει in 1:13 gebruik word

Die betekenis waarvoor die woord ὑπομνήσει in 1:13 gebruik word, is reeds in punt 1.2.1 bestudeer. Op grond van dié beredenering blyk dit dat ὑπομνήσει daarop dui dat veroorsaak word dat inligting uit die geheue opgeroep word en weer opnuut oor gedink word.

Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan in Afrikaans met *herinnering* weergegee word.

2.2.4 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord εἰδώς in 1:14 gebruik word

2.2.4.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor εἰδώς in 1:14 gebruik word

Daar is reeds aanvaar dat εἰδώς in 1:14 in semantiese veld 28 gebruik word. In hierdie semantiese veld word οἶδα in slegs een subdomein gebruik, te wete subdomein *Ken* (A) (Louw & Nida, 1988i:334-336). Soos in punt 1.2.2.1 aangetoon is, word οἶδα egter binne subdomein A vir twee betekenis aangewend, te wete *Om inligting te hê oor* (28.1) en *Om kennis te hê om 'n spesifieke taak te verrig* (28.7). Dit is duidelik dat Petrus nie in 1:14

kennis wil aandui wat met 'n spesifieke taak verband hou nie. Daar kan dus aanvaar word dat hy εἰδώς in 1:14 vir betekenis 28.1 aanwend.

In punt 1.2.2.5 is betekenis 28.1 reeds gedefinieer en daarom kan die betekenis waarvoor εἰδώς in 1:14 gebruik word, vervolgens aangetoon word.

2.2.4.2 Die betekenis waarvoor εἰδώς in 1:14 gebruik word.

Uit die beredenering wat oor betekenis 28.1 handel (vergelyk punt 1.2.2), is dit duidelik dat Petrus εἰδώς in 1:14 gebruik om die algemene besit van inligting wat bekom is, te beskryf.

Die woord "weet" sou in Afrikaans 'n goeie weergawe wees vir die betekenis waarvoor die woord εἰδώς in 1:14 gebruik word.

2.2.5 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik word

2.2.5.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik word

In punt 2.1.5 is aangetoon dat ἐδήλωσεν in 1:14 in die semantiese veld *Ken* (28) aangewend word. Uit Louw en Nida (1988i:340) is dit duidelik dat δηλώω in semantiese veld 28 in slegs een subdomein, te wete subdomein *Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar* (C) vir slegs een betekenis aangewend word, te wete *Om iets bekend te maak wat voorheen onbekend was of wat moeilik was om te verstaan* (28.42).

2.2.5.2 Die semantiese veld waarbinne ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Die semantiese veld *Ken* (28), waarbinne ἐδήλωσεν aangewend word, is reeds in hoofstuk 4 punt 5.2.1.2 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Dit is uit die plasing van semantiese veld 28 in die geheelkonteks van omliggende velde duidelik dat ἐδήλωσεν in 1:14 veronderstel dat inligting reeds verkry is.

2.2.5.3 Die subdomein waarbinne ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Daar is in hoofstuk 4 punt 5.2.1.3 aangetoon dat semantiese veld *Ken* (28) in die volgende vyf subdomeine verdeel kan word:

* Ken (A).

- * Bekend (B).
- * Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar (C).
- * Kenbaar (D).
- * Onkenbaar (E).

Wanneer subdomein C, waarin Petrus ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik, met die ander subdomeine in semantiese veld 28 gekontrasteer word, lewer dit geen tersaaklike inligting op wat van belang is vir die definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἐδήλωσεν gebruik word nie.

2.2.5.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik word

Die betekenis waarvoor δηλώω gebruik word (28.42), kom voor saam met agt en twintig ander betekenis (28.28-28.41 en 28.43-28.56) in subdomein *Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar* (C). Wanneer betekenis 28.42 met die ander betekenis gekontrasteer word, is dit duidelik dat betekenis 28.42, soos betekenis 28.39-28.41, en anders as die ander betekenis, verband hou met die bekendmaking van iets. Betekenis 28.42 kan egter van betekenis 28.39-28.41 onderskei word op grond van die wyse waarop bekend gemaak word asook die inhoud wat bekend gemaak word. Δηλώω verwys na die bekendmaking van iets deur duidelik te maak wat voorheen onbekend of onduidelik was.

2.2.5.5 Die betekenis waarvoor die woord ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik word

Ἐδήλωσεν in 1:14 verwys, soos uit voorgaande studie geblyk het, na die bekendmaking van iets deur duidelik te maak wat voorheen onbekend of onduidelik was. Ἐδήλωσεν veronderstel dat inligting voorheen reeds verkry is.

Die betekenis waarvoor ἐδήλωσεν in 1:14 gebruik word, sou in Afrikaans met "bekend maak" weergegee kan word.

2.2.6 Die verband van ἡγοῦμαι, εἰδώς en ἐδήλωσεν met gedagte-eenheid 2

2.2.6.1 Ἠγοῦμαι en δίκαιον in 1:12

Die skrywer beskou (ἡγοῦμαι) dit volgens 1:13 as reg (δίκαιον) om die lesers op te wek. In die lig daarvan dat Petrus in 1:1 duidelik gemaak het dat hy in onderdanigheid en as gesant van Jesus Christus aan die lesers skryf, kan aanvaar word dat die skrywer met die frase δίκαιον δὲ ἡγοῦμαι nie slegs wil bekend maak wat hy as die gepaste optrede beskou om die lesers op te wek nie (vergelyk Louw en Nida, 1988:627 vir die betekenis waarvoor die

woord δίκαιον in 1:13 gebruik word). Gepaste (δίκαιον) optrede verwys in die lig van die verhouding tussen die skrywer en Jesus Christus (1:1) na dit wat Jesus Christus van 'n slaaf en apostel van Hom verwag.

Die skrywer maak dit dus met δίκαιον duidelik dat sy beskouing in ooreenstemming is met dit wat pas by die opdrag wat hy van sy Sender, Christus, ontvang het. Hierdie interpretasie word ook gestaaf deur die feit dat die skrywer in 1:13-14 sy verhouding met Jesus Christus op die voorgrond stel.

Dit blyk dat die skrywer daarmee bekend maak waarom hy die lesers wil opwek. Hy wek die lesers op omdat hy weet dat sy Sender, Jesus Christus van hom verwag om dit te doen. Die opwek van die lesers is gepas volgens die eis van Jesus Christus.

2.2.6.2 Ἡγοῦμαι en διεγείρειν

Petrus stel in 1:13 wat hy as gepas beskou, te wete dat hy wil veroorsaak dat die lesers gereed en waaksaam is (vergelyk punt 2.2.2.5 vir die betekenis waarvoor die woord διεγείρειν in 1:13 gebruik word). Wanneer in ag geneem word dat daar valse leraars sal kom wat ketterye verkondig (2:1), dat baie hulle sal volg (2:2), en dat die gevaar om meegesleep te word ook vir die lesers geld (3:17), is dit duidelik waarom Petrus die lesers wil opwek. Deur hulle waaksaam en gereed te kry, kan voorkom word dat hulle meegesleep word.

Dit is duidelik dat Petrus daarmee uitdruklik stel wat die doel van sy brief is. Hy beskou dit as gepas om die lesers daartoe te bring dat hulle parate kennis sal hê. Hierdie doel moet verstaan word teen die agtergrond van die valse leraars wat hulle bedreig.

2.2.6.3 Ὑπομνήσει en die doel van die brief

Petrus maak deur die voorsetsel en saam met die datief ὑπομνήσκειν duidelik deur watter instrument hy sy doel wil bereik. Hy wil die lesers deur *herinnering* waaksaam en gereed maak. Die skrywer wil die lesers dus *opwek* deur te veroorsaak dat hulle inligting uit hulle geheue oproep en opnuut daaroor dink (vergelyk punt 2.2.3 vir die betekenis waarvoor ὑπομνήσει gebruik word).

2.2.6.4 Εἰδώς, ἐδήλωσεν en die doel van die skrywe

Deur die deelwoord εἰδώς plaas Petrus die doel van die skrywe teen die agtergrond van sy naderende dood. Dit is waarskynlik dat die deelwoord εἰδώς 'n redegewende bywoordelike bysin verteenwoordig. Petrus beskou dit dus as gepas om die lesers op te wek, *aangesien* hy iets weet (εἰδώς).

Petrus besit volgens 1:14 inligting dat hy sy tentwoning (σκηνώματος) spoedig (ταχινή) sal verlaat (in sake die besit van inligting, vergelyk punt 2.2.4.2).

Die gebruik van die woord σκηνώματος vir liggaam is baie opvallend. Louw en Nida (1988i:94) toon aan dat σκήνωμα as figuurlike verlenging van die betekenis *tydelike woning* die mens se liggaam as tydelike woonplek kan aandui. Dit is ook Petrus se bedoeling in 1:14 om deur die gebruik van die woord σκηνώματος die tydelikheid van sy bestaan hier op aarde aan te dui. Hy bring die lesers onder die indruk dat hy nie meer lank by hulle sal wees nie. Daardeur gee hy 'n dringendheid aan dit wat hy beplan om te doen, te wete om hulle deur herinnering op te wek.

Dit is opmerklik dat hy ook in 1:13 vermeld dat hy dit as gepas beskou om die lesers op te wek solank hy nog in sy tentwoning (σκηνώματι) is. Dit is duidelik dat die skrywer wil beklemtoon dat hy aan dit wat hy as reg beskou, dringend wil aandag gee terwyl hy nog leef.

Hierdie dringendheid word verhoog wanneer hy in 1:14 stel dat hy sy tentwoning gou (ταχινή) sal verlaat. Uit Louw en Nida (1988i:644) word dit duidelik dat die woord ταχινός na 'n baie kort verlenging van tyd kan verwys en vertaal kan word met *skielik*. Louw en Nida (1988i:636) toon egter ook aan dat ταχινός kan dui op 'n temporele punt wat volg op 'n ander temporele punt, met die klem op die relatiewe kort tyd tussen die twee punte in tyd. Hierdie betekenis sou in Afrikaans weergegee kon word met *binnekort*. Green (1977:97) en Greijdanus (1929:263) aanvaar dat ταχινή in 1:14 na eersgenoemde betekenis verwys. Hiervolgens wil Petrus dus sê dat sy dood skielik sal wees. Soos Bauckham (1983:199) dit egter stel, is dit uit die konteks meer logies om te aanvaar dat Petrus wil beklemtoon dat hy nie meer baie tyd het om hulle te herinner nie. Hierdie verklaring sluit baie nou aan by die gebruik van die woord σκηνώματι wat ook, soos vroeër gestel, die kort tyd wat oor is om die lesers te herinner, op die voorgrond stel.

Dit word dus duidelik dat die skrywer wil beklemtoon dat hy in hierdie kort tydjie wat hy nog het om te leef, 'n verantwoordelikheid het: hy moet die lesers opwek. Die skrywer plaas die nakoming van sy verantwoordelikheid om die lesers te herinner, in die konteks van sy naderende dood. Deur dit te doen, bring die skrywer die lesers onder die besef dat hierdie herinnering wat hy tot hulle rig, sy nalatenskap, sy testament aan hulle is (Jülicher, 1931:219). Dit is duidelik dat hy daarmee die appél op die lesers verhoog om hulle te steur aan die herinnering. Die herinnering wat hulle ontvang, is immers nie maar net 'n blote herinnering nie, maar 'n geestelike testament.

2.2.6.5 Εἰδώς en ἐδήλωσεν

Volgens Kelly (1969:313) dui die skrywer in 1:14 aan dat hy weet (εἰδώς) dat hy gou sal sterf *aangesien* Jesus Christus dit aan hom bekend gemaak het. Kelly aanvaar dus dat die skrywer in 1:14 die bron van sy kennis aandui.

Met hierdie standpunt word egter nie gelet op die woord καί in 1:14 nie. Vögtle (1972:301) toon aan dat die skrywer met die woorde καθὼς καὶ in 1:14 'n addisionele feit inlei - 'n feit naas dit wat voorafgaande in 1:14 gestel is. Hy wil dus nie met die woorde καθὼς καὶ ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς Χριστὸς ἐδήλωσέν μοι die bron van sy kennis bekend maak nie, maar wil sê dat dit wat die Here Jesus Christus aan hom bekend gemaak het, ooreenkom met dit wat hy weet. Die skrywer maak dus nie in 1:14b bekend *hoe* hy te wete gekom het dat hy binnekort sou sterf nie, maar sê dat dit wat hy aangaande sy dood weet, *ooreenkom* met dit wat deur Jesus Christus aan hom bekend gemaak is.

Indien dit wat Jesus Christus aan Petrus aangaande sy dood weet, ooreenkom met dit wat hy reeds geweet het, hoe het Petrus, sonder dat dit aan hom bekend gemaak is, geweet dat sy dood naby is? Die bron van sy kennis word nie vermeld nie. Dit is egter moontlik dat hy dit uit sy omstandighede kon aflei.

Wanneer Petrus stel dat dit wat hy weet, ooreenkom met dit wat Jesus Christus aan hom bekend gemaak het, blyk dit dat hy verwys na dit wat Jesus Christus volgens Johannes 21 aan hom bekend gemaak het. In Johannes 21:18-19 word verhaal dat Jesus Christus aan Petrus bekend gemaak het dat Petrus, wanneer hy oud sou word, deur een of ander vorm van marteling dood gemaak sou word⁴.

Die vraag ontstaan waarom Petrus uitdruklik vermeld dat Jesus Christus ook aan hom bekend gemaak het dat hy sou sterf. Die feit dat Petrus in die aanhef van die brief beklemtoon het dat hy 'n slaaf en apostel van Jesus Christus is (vergelyk hoofstuk 4 punt 4.2), toon die rede waarom Petrus vermeld dat Jesus dit bekend gemaak het. Hy sou teenoor *Hom* skuldig staan indien hy nie gedurende die oorblywende tyd die lesers opwek nie. Petrus maak dus duidelik dat hy, deur hulle op te wek, ag slaan op dit wat Jesus Christus aan hom bekend gemaak het in verband met sy naderende dood.

3. Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (1:15)

⁴ Daar is getuïenis dat die woorde van Jesus in Johannes 21:18 dat Petrus sy "hande sal uitsteek", deur die vroeë kerk so geïnterpreteer is asof Petrus gekruisig sou word. Dit is egter nie duidelik of dit is wat Jesus bedoel het nie. Daar moet eerder aanvaar word dat Jesus met die woorde "hande sal uitsteek", aan Petrus bekend gemaak het dat hy gemartel sou word (Morris, 1975:876).

3.1 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief tot uitdrukking kom in gedagte-eenheid 3

In hoofstuk 3 punt 7.3.3 is aangetoon dat daar in gedagte-eenheid 3 slegs een woord voorkom waarin die kenmotief na vore tree, te wete $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ (1:15). Hierdie woord word nou nader ondersoek om te bepaal of die kenmotief wel deur die gebruik van die woord na vore tree.

3.1.1 Μνῆμην (1:15)

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:164) dat die woord $\mu\nu\eta\mu\eta$ in slegs een semantiese veld, te wete semantiese veld *Geheue en herinnering* (29) aangewend word. Semantiese veld 29 hou met die kenmotief verband (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en dit blyk dus dat $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 wel die kenmotief na vore bring.

3.2 Die kenmotief in die gedagte-eenheid 3 soos gedra deur die woord $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$

Die mate waarin die woord $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ die kenmotief in gedagte-eenheid 3 dra, word nou bepaal deur eerstens die betekenis waarvoor die woord $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ gebruik word, te definieer. Hierdie definiëring word volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uitgesit word, gedoen.

Die verband tussen $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ en die res van gedagte-eenheid 3 word in die tweede plek aan die orde gestel.

3.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 gebruik word

3.2.1.1 Die subdomein waarbinne en die betekenis waarvoor $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 gebruik word

Petrus wend $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in die semantiese veld *Geheue en herinnering* (29) aan (vergelyk punt 3.1.1). Louw en Nida (1988i:347) toon aan dat $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in subdomein *Oproep uit die geheue* (B) aangewend word vir die betekenis *Om inligting uit die geheue op te roep, sonder dat dit noodwendig impliseer dat die inligting vergeet is* (29.7).

3.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Die semantiese veld *Geheue en herinnering* (29), waarin $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 aangewend word, is in hoofstuk 5 punt 2.4.4.2 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas.

Hierdie plasing in die geheelkonteks van omliggende velde toon dat $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 verband hou met die berging en oproep van inligting.

3.2.1.3 Die subdomein waarbinne $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Die subdomein waarin $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 funksioneer, is reeds in punt 1.2.1.2 in die geheelkonteks van ander subdomeine in dieselfde semantiese veld geplaas. Op grond van hierdie plasing word dit duidelik dat $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 besonderlik verband hou met die oproep van inligting uit die geheue.

3.2.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 gebruik word

Op grond van punt 1.2.1.4 is dit duidelik dat daar binne die subdomein *Herroep uit die geheue* (B), waarin $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ funksioneer, sewe betekenis voorkom (29.6-29.12). Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:347) dat betekenis 29.7, waarvoor Petrus $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 aanwend, nie, soos betekenis 29.6, die klem laat val op die *vermoë* om uit die geheue op te roep nie. Betekenis 29.7 beklemtoon ook nie die herhaalde oproep van inligting nie. Die betekenis-komponent van *veroorzaak dat uit die geheue opgeroep word*, kom ook nie, soos by betekenis 29.9-29.11, voor nie. Die komponent *om uit die geheue op te roep* figureer in hierdie betekenis. Die feit dat inligting uit die geheue opgeroep word, impliseer egter nie dat die inligting noodwendig vergeet is nie. Dit blyk dat betekenis 29.7 verband hou met betekenis 29.10 waarvoor Petrus $\acute{\omicron}\pi\omicron\mu\mu\eta\eta\sigma\kappa\epsilon\iota\nu$ in 1:12 gebruik (vergelyk punt 1.2.1.5). Wanneer veroorsaak word dat iemand inligting uit die geheue oproep en dat die inligting weer nuut voor oë gestel word (betekenis 29.10), word die inligting deur die persoon, wat die inligting opgeroep het, weer nuut voor oë gestel. Die komponent om inligting weer nuut voor oë te stel, word dus ook deur betekenis 29.7 omvat.

3.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 gebruik word

Dit blyk uit punte 3.2.1.1.-3.2.1.4 dat $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 met die berging en oproep van inligting verband hou. $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ in 1:15 wys besonderlik op die oproep van inligting uit die geheue. Die feit dat inligting uit die geheue opgeroep word, impliseer egter nie dat die inligting vergeet is nie. Die oproep van inligting uit die geheue, behels dat die inligting wat opgeroep word, weer nuut voor oë gestel word.

Die woord $\mu\nu\eta\mu\eta\nu$ kan in die lig van die voorgaande studie in Afrikaans met *in herinnering hou* of met *in gedagtenis hou* weergegee word.

3.2.2 Die verband van μνήμην met gedagte-eenheid 3

3.2.2.1 Μνήμην as deel van 'n perifrastiese konstruksie in 1:15

In 1:15 maak Petrus van twee perifrastiese konstruksies gebruik, te wete:

- * ἔξειν ὑμᾶς... ποιεῖσθαι.
- * ποιεῖσθαι... μνήμην.

Picirilli (1963:109) toon aan dat die eerste konstruksie in 1:15 weergegee kan word met: "so as for you to be able to make" en die tweede konstruksie met: "to be remembering" .

Deur middel van hierdie twee perifrastiese konstruksies maak die skrywer dit dus duidelik dat dit vir die lesers moontlik moet wees (konstruksie 1) om die dinge wat in 1:15 vermeld word in gedagtenis te hou (konstruksie 2. Vergelyk ook punt 3.2.1.5 vir die betekenis waarvoor μνήμην in 1:15 gebruik word).

3.2.2.2 Die objek wat in gedagtenis gehou moet word

Die skrywer vermeld dat dit *hierdie dinge* (τούτων, objektiewe genitief) is wat die lesers in gedagtenis moet kan hou. Daar is opvallende ooreenkomste tussen 1:12 en 1:15, wat 'n aanduiding gee waarna τούτων in 1:15 verwys. In 1:12 sê die skrywer dat hy die lesers aan hierdie dinge (τούτων) wil herinner en in 1:15 sê hy dat hy hom sal beywer dat hulle *hierdie dinge* (τούτων) altyd in gedagtenis sal bring. Hierdie ooreenkomste dui daarop dat Petrus met τούτων in 1:15 dieselfde dinge aan die orde stel as met τούτων in 1:12. Τούτων in 1:15 verwys dus na die leer van die apostel wat in 1:3-11 beredeneer word (vergelyk punt 1.2.3.1)

3.2.2.3 Μνήμην en die skrywer se voorneme vir die toekoms

In 1:15 maak die skrywer duidelik dat hy hom in die toekoms sal beywer vir iets (let op die *futurum* σουδάσω).

Volgens Bigg (1969:kkk) en Van Houweling (1993:45) gee die *futurum* σουδάσω 'n aanduiding dat die skrywer, naas die brief wat hy besig is om te skryf, ook nog beplan om op 'n ander wyse te sorg dat sy getuienis vir die lesers beskikbaar sal wees. Hulle wys op die kerklike tradisie dat Markus in die evangelie die herinneringe van Petrus op skrif gestel het en aanvaar dan dat Petrus in 1:15 sy voorneme tot uitdrukking bring om deur Markus te sorg dat sy getuienis bewaar bly.

Die konteks waarbinne Petrus egter sy voorneme uitspreek om hom in die toekoms vir iets te beywer, weerspreek hierdie teorie. In 1:12 het die skrywer immers reeds gestel dat hy die

lesers deur middel van die brief wat hy tot hulle rig, wil herinner (vergelyk punt 1.2.3.2). Dit is ook uit 1:13-14 duidelik dat die herinnering, wat deur die brief gedoen word, steeds ter sprake is. Dit is onwaarskynlik dat die skrywer, sonder dat hy dit uitdruklik stel, in 1:15 oor 'n ander wyse van herinnering sal handel. Daar kan dus aangeneem word dat die voorneme van die skrywer om hom in die toekoms te beywer, verband hou met die brief wat hy aan die lesers skryf.

Dit blyk dat hierdie toekomstige optrede van die skrywer betrekking het op die skrywer se sorg dat die brief tot beskikking is van die lesers. Hy bring dit dus onder die lesers se aandag dat hy, nadat hy die brief geskryf het, sorg sal dra dat die brief tot hulle beskikking is. In die lig daarvan dat die skrywer klem lê op die feit dat die lesers, na sy heengaan, in staat moet wees om die dinge wat in 1:15 ter sprake is, in gedagtenis te hou, bevestig hierdie teorie. Indien Petrus, nadat hy die brief geskryf het, deur byvoorbeeld die vermeerdering en verspreiding van die brief, gesorg het dat die brief tot die lesers se beskikking was, sou hy op so wyse gesorg het dat hulle telkens weer die dinge (τούτων) waarna in 1:15 verwys word, in herinnering bring.

Dit val op dat die skrywer hom beywer dat die lesers "hierdie dinge" *altyd* (ἐκάστοτε) in gedagtenis sal hou. Knoch (1990:250) toon aan dat die skrywer daarmee nie slegs die beskikbaarheid van dit wat hy leer vir die lesers in gedagte het nie, maar ook die beskikbaarheid vir die geslagte wat kom. Petrus wil dus, nadat hy die skrywe voltooi het, sorg dra dat die brief tot so 'n mate tot beskikking is, dat dit vir die lesers en vir die geslagte wat kom, in staat sal stel om die leer van die apostel, soos in 1:3-11 uiteengesit, in gedagtenis te hou.

3.2.2.4 Μνήμην en die koms van die valse profete

Die feit dat Petrus uitdruklik vermeld dat hy hom sal beywer om die lesers in staat te stel om in die toekoms, na sy dood, die geestelike testament in gedagtenis te kan hou, moet in verband gebring word met die gebruik van die futurum in 2:1-2 en in 3:3-4. In 2:1-2 waarsku Petrus dat daar in die toekoms valse leraars sal wees. In 3:3-4 meld hy dat daar in die toekoms spotters sal kom. Dit blyk dat dit die tyd sal wees wanneer die lesers die geestelike testament wat die apostel vir die lesers nalaat, nodig sal hê. Wanneer hierdie valse leraars/spotters⁵ kom, sal die lesers in staat wees om die leer van die apostel in gedagtenis te hou al leef die apostel nie meer nie. Petrus plaas dus die doel van sy brief teen die agtergrond van die valse leraars/spotters wat kom.

⁵ Vergelyk hoofstuk 2 punt 4 waarin aangetoon word dat die spotters en die valse leraars dieselfde mense is.

4. Die kenmotief in die gedagte-eenheid 4 (3:1-2)

Ten einde aan te toon hoe die kenmotief in gedagte-eenheid 4 funksioneer, word eerstens vasgestel watter woord/e in gedagte-eenheid 4 die kenmotief dra. Nadat bepaal is watter woord/e die kenmotief dra, word die mate waarin hierdie woord/e die kenmotief in gedagte-eenheid 4 dra, bestudeer.

4.1 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief tot uitdrukking kom in gedagte-eenheid 4

In gedagte-eenheid 4 kom die volgende woorde voor wat moontlik die kenmotief na vore kan bring:

- * Διεγείρω⁶ (3:1).
- * Ὑπομνήσει (3:1).
- * Διάνοιαν (3:1).
- * Μνησθήναι (3:2).

Daar word nou verder ondersoek ingestel of hierdie woorde werklik die kenmotief dra.

4.1.1 Διεγείρω

In die gedeelte waarin hy die doel van die geskrif bekend maak, gebruik Petrus die woord διεγείρω (1:13) in die semantiese veld *Dink* ((27) vergelyk punt 2.1.2). Die feit dat hy in 3:1 in 'n gedeelte waarin hy weer oor die doel van die geskrif handel, die woord διεγείρειν herhaal, dui daarop dat hy die woord ook in 3:1 in semantiese veld 27 aanwend. Semantiese veld 27 is aan die kenmotief verbind (vergeelyk hoofstuk 1 punt 5) en daar kan daarom aanvaar word dat die kenmotief deur die woord διεγείρω in 3:2 gedra word.

4.1.2 Ὑπομνήσει

Daar is in punt 2.1.3 aangetoon dat ὑπομνήσει in slegs een semantiese veld funksioneer, te wete *Geheue en herinnering* (29). Die feit dat semantiese veld 29 aan die kenmotief verbind is, dui aan dat ὑπομνήσει in 3:1 die kenmotief dra.

4.1.3 Διάνοιαν

⁶In punt 2.1.2 is aangetoon dat διεγείρω in 1:13 funksioneer in semantiese veld *Leer* (27). Alhoewel Louw en Nida (1988ii:62) dus aandui dat die woord net in semantiese velde *Fisiologiese prosesse en toestande* (23) en *Geval* (90) voorkom, bestaan die moontlikheid tog dat die woord die kenmotief na vore bring.

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:60) dat *διάνοια* in die volgende semantiese velde aangewend word:

- * Fisiologiese afdelings (26).
- * Leer (27).
- * Dink (30).

Die laaste twee velde is aan die kenmotief verbind en die eerste nie (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Dit is duidelik dat Petrus, nadat hy die doelstelling van die brief in 3:1-3 gestel het, wil beklemtoon hoe die lesers moet dink oor die dinge wat die spotters verkondig. Hy wys in 3:5-7 uit watter dinge die spotters in hulle redenasies vergeet. Hy identifiseer in 3:8 dié dinge wat die lesers nie moet vergeet nie. Ook beklemtoon hy in 3:9 dat dit verkeerd is om te dink dat die Here die belofte verdraag. Dit blyk dus dat Petrus in die gedeelte wat op die doelstelling volg, vir die lesers wil duidelik maak hoe hulle moet dink. Daar sou dus verwag kon word dat Petrus in 3:1 oor 'n wyse van dink sal handel en dit kan aanvaar word dat hy *διάνοιαν* in 3:1 gebruik in semantiese veld *Dink* (30) en wel vir die betekenis *'n besonder manier of wyse van dink* (30.5).

In die lig daarvan dat semantiese veld 30 aan die kenmotief gekoppel is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), kan aanvaar word dat Petrus deur die woord *διάνοιαν* die kenmotief laat figureer.

4.1.4 *Μνησθήναι*

Daar is deur Louw en Nida (1988ii:164) aangetoon dat die woord *μνησκόμαι* in slegs een semantiese veld funksioneer, te wete *Geheue en herinnering* (29). Semantiese veld 29 is verbind aan die kenmotief (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Dit blyk dus dat die woord *μνησθήναι* in 3:2 die kenmotief dra.

4.1.5 **Slotsom**

Dit blyk uit voorafgaande dat die volgende woorde in gedagte-eenheid 4 die kenmotief **dra**:

- * *Διευρίρω* (3:1).
- * *ὑπομνήσει* (3:1).
- * *Διάνοιαν* (3:1).
- * *Μνησθήναι* (3:2).

4.2 Die kenmotief in die gedagte-eenheid 4 soos gedra deur die woorde διεγείρω, ὑπομνήσει, διάνοιαν en μνησθήναι

Om die mate te bepaal waarin die woorde διεγείρω, ὑπομνήσει, διάνοιαν en μνησθήναι die kenmotief in gedagte-eenheid 4 dra, word die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, eerstens gedefinieer. Die definiëring van die betekenis word gedoen volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is.

Nadat die betekenis gedefinieer is, word die verband tussen hierdie woorde en gedagte-eenheid 4 bestudeer.

4.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord διεγείρω in 3:1 gebruik word

In punt 2.2.2 is die betekenis van διεγείρω in 1:13 gedefinieer. Daar is reeds bevind (vergelyk punt 4.1.1) dat διεγείρω in 3:1 vir dieselfde betekenis as διεγείρω in 1:12 aangewend word. Daar kan dus aanvaar word dat Petrus διεγείρω in 3:1 aanwend, soos dit in 1:13 gebruik is vir die betekenis *om te veroorsaak dat iemand met verworwe kennis waaksaam en gereed is*.

Dit blyk uit punt 2.2.3 dat die betekenis waarvoor die woord διεγείρω gebruik word, in Afrikaans met *opwek* weergegee kan word.

4.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ὑπομνήσει in 3:1 gebruik word

Soos in punt 2.1.3 aangetoon is, word ὑπομνήσει in slegs een semantiese veld te wete *Geheue en herinnering* (29) aangewend. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:347-348) dat ὑπομνήσει in slegs een subdomein in hierdie semantiese veld gebruik word, te wete *Oproep uit die geheue* (B) vir een betekenis, naamlik *om te veroorsaak dat inligting uit die geheue opgeroep word en daar weer daarvoor gedink word* (29.10).

Hierdie betekenis waarvoor ὑπομνήσει gebruik word, is reeds in punt 1.2.1.5 gedefinieer. Uit hierdie definiëring blyk dit dat ὑπομνήσει in 3:1 verwys na 'n daad waardeur veroorsaak word dat inligting uit die geheue opgeroep word en weer opnuut daarvoor gedink word.

Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan in Afrikaans met *herinner* weergegee word.

4.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord *διάνοιαν* in 3:1 gebruik word

4.2.3.1 Die subdomein waarbinne en die betekenis waarvoor *διάνοιαν* in 3:1 gebruik word

In punt 4.1.3 is reeds aangetoon dat *διάνοιαν* in 3:1 vir die betekenis 'n spesifieke manier of wyse van *dink* (30) aangewend word. Hierdie betekenis kom in die subdomein *Om te dink, Gedagte* (A) in die semantiese veld *Dink* (30) voor.

4.2.3.2 Die semantiese veld waarbinne *διάνοιαν* in 3:1 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Die semantiese veld *Dink* (30) is reeds in die konteks van omliggende velde geplaas (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.4.6.2). Op grond van hierdie plasing blyk dit dat die semantiese veld *Dink* (30) verbind is met die semantiese veld *Ken* (28) en kan die semantiese veld 30 as opvolgend op semantiese veld 28 beskou word. Terwyl veld 28 oor die besit van inligting handel, behels veld 30 die beheer en verwerking van inligting, wat dikwels tot 'n besluit en keuse lei.

Omdat *διάνοιαν* in semantiese veld 30 aangewend word, kan dus verwag word dat die betekenis waarvoor die woord gebruik word, die besit van inligting sal behels.

4.2.3.3 Die subdomein waarbinne *διάνοιαν* in 3:1 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Soos in hoofstuk 5 punt 2.4.6.3 aangetoon is, kan die semantiese veld *Dink* (30) in die volgende sewe subdomeine verdeel word:

- * Om te dink, Gedagte (A).
- * Om oor iets te dink, met die bedoeling dat gepas gereageer word (B).
- * Om oor toekomstige gebeure te dink (C).
- * Om van plan te wees, Om 'n doelstelling te hê, Om te beplan (D).
- * Om te besluit, Om tot die gevolgtrekking te kom (E).
- * Om te kies, om uit te soek, Om voorkeur te hê vir (F).
- * Om te onderskei, Om te evalueer, Om te oordeel (G).

Dit blyk dat subdomein A, waarin Petrus *διάνοιαν* gebruik, die mees algemene subdomein van die sewe subdomeine is. Die betekenis in subdomein A behels die verwerking en hantering van inligting in die algemeen. Anders as subdomein B word by die betekenis in

subdomein A geen gepaste reaksie veronderstel nie. Die betekenis in die subdomein behels ook nie denke oor toekomstige gebeure soos in subdomein C nie. Die plasing van subdomein A in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine laat dus blyk dat διάνοιαν verband hou met die hantering en verwerking van inligting in die algemeen.

4.2.3.4 **Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne διάνοιαν in 3:1 gebruik word**

Louw en Nida (1988i:349-354) toon aan dat daar in subdomein A, waarin διάνοιαν aangewend word, agt en dertig betekenis funksioneer (30.1-30.38). Die betekenis waarvoor διάνοιαν in 3:1 aangewend word (30.5), beskryf nie soos betekenis 30.1-30.4, 30.9-30.10 die wyse waarop gedink word nie. Διάνοιαν hou ook nie verband met die implikasies van 'n saak (vergelyk betekenis 30.7) of met die neem van 'n besluit nie. Die een saak wat, in kontras met al die ander betekenis in subdomein *Om te dink, Gedagte* (A), in betekenis 30.5 klem ontvang, is dat dit duidelik maak *dát* daar op 'n spesifieke wyse gedink word.

4.2.3.5 **Die betekenis waarvoor die woord διάνοιαν in 3:1 gebruik word**

Die voorafgaande studie toon dat διάνοιαν die besit van inligting behels. Verder hou die woord verband met die hanteer en verwerking van inligting en impliseer *dát* op 'n spesifieke wyse gedink word.

4.2.4 **Definiëring van die betekenis waarvoor die woord μνησθήναι 3:2 gebruik word**

4.2.4.1 **Die subdomein waarbinne en die betekenis waarvoor μνησθήναι in 3:2 gebruik word**

In die semantiese veld *Geheue en herinner* (29), waarin μνησθήναι in 3:2 gebruik word (vergelyk punt 4.1.4), word μμνήσκομαι in twee subdomeine aangewend (Louw & Nida, 1988i:347-349), naamlik *Oproep uit die geheue* (B) en *Oproep en reageer met die gepaste reaksie* (D). Petrus verwag nie slegs dat die lesers inligting uit hulle geheue moet terugroep nie; hy verwag dat hulle spesifiek die woorde van die profete en die gebod van die apostels moet onthou. Dit toon dat hy ook optrede in ooreenstemming met hierdie woorde en gebod veronderstel. Dit blyk dus dat μνησθήναι in 3:2 in semantiese veld D gebruik word.

4.2.4.2 **Die semantiese veld waarbinne μνησθήναι in 3:2 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde**

Die semantiese veld *Geheue en herinner* (29) in hoofstuk 5 punt 2.4.4.2 is reeds in die geheelkonteks van ander semantiese velde geplaas. Die plasing van semantiese veld 29 in die geheelkonteks van omliggende velde laat blyk dat $\mu\nu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ in 3:2 met die berging en terugroep van inligting uit die geheue verband hou.

4.2.4.3 Die subdomein waarbinne $\mu\nu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ in 3:2 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Daar is in hoofstuk 5 punt 2.4.4.3 aangetoon dat semantiese veld *Geheue en herinner* (29) in vier subdomeine verdeel kan word, te wete:

- * Die berging van inligting (A).
- * Oproep uit die geheue (B).
- * Nie onthou nie, Vergeet (C).
- * Terugroep van inligting uit die geheue en met gepaste optrede reageer (D).

Wanneer subdomein D, waarin die betekenis waarvoor $\mu\nu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ in 3:2 gebruik word, met die ander subdomeine gekontrasteer word, blyk dit dat subdomein D nie soos subdomein A die klem op die berging van inligting laat val nie, maar, soos subdomeine B en C op die oproep van inligting uit die geheue. Anders as in subdomein C, waarin klem gelê word op die feit dat inligting nie opgeroep word nie, handel subdomein D oor die feit dat inligting wel uit die geheue opgeroep word. Subdomein D verskil met subdomein B daarin dat die oproep van inligting gepaard gaan met gepaste optrede.

Dit blyk dus dat die unieke domein wat deur subdomein D gedek word, twee komponente omvat, te wete *die oproep van inligting* en *gepaste optrede wat met die oproep van inligting gepaard gaan*.

Die plasing van die subdomein waarin $\mu\nu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ voorkom, laat blyk dat die woord $\mu\nu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ met bogenoemde twee komponente verband hou.

4.2.4.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne $\mu\nu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ in 3:2 gebruik word

Saam met die betekenis waarvoor $\mu\nu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ in 3:1 gebruik word (29.16), kom daar in die subdomein *Oproep uit die geheue en reageer met die gepaste reaksie* (D) twee ander betekenis (29.17 en 29.18) voor. Betekenis 29.17 staan in direkte teenstelling met 29.16. Volgens betekenis 29.17 word inligting nie opgeroep nie, terwyl inligting volgens betekenis 29.16 wel opgeroep word. Volgens betekenis 29.17 is die gevolg van die feit dat inligting nie uit die geheue opgeroep word nie, die nalaat van optrede, terwyl daar in betekenis 29.16

beklemtoon word dat die oproep van inligting opgevolg word met gepaste optrede. In betekenis 29.18 is die reaksie wat op die oproep van inligting volg, bepaal. Die oproep van inligting word volgens betekenis 29.18 opgevolg deur melding van iets te maak. Volgens betekenis 29.16 word dit uit die konteks duidelik wat die gepaste optrede is.

4.2.4.5 Die betekenis waarvoor die woord $\mu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ in 3:2 gebruik word

In breë verband hou $\mu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ verband met die berging en oproep van inligting uit die geheue. $\mu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ be-teken twee betekenis-komponente, te wete die *oproep van inligting* en *gepaste optrede wat gepaard gaan met die oproep van die inligting*. Wat hierdie gepaardgaande optrede is, moet uit die konteks afgelei word.

Die woord $\mu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ kan in Afrikaans met *onthou* weergegee word.

4.2.5 Die verband van $\delta\iota\epsilon\gamma\epsilon\acute{\iota}\rho\omega$, $\acute{\upsilon}\pi\omicron\mu\eta\eta\sigma\epsilon\iota$, $\delta\acute{\iota}\alpha\nu\omicron\iota\alpha\nu$ en $\mu\eta\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ met gedagte-eenheid 4

4.2.5.1 $\Delta\iota\epsilon\gamma\epsilon\acute{\iota}\rho\omega$ en die wyse van dink ($\delta\acute{\iota}\alpha\nu\omicron\iota\alpha\nu$) van die lesers

Dit blyk dat die skrywer wil veroorsaak dat die lesers op 'n spesifieke wyse dink (vergelyk punt 4.2.3.5 vir die betekenis waarvoor die woord $\delta\acute{\iota}\alpha\nu\omicron\iota\alpha\nu$ gebruik word). Die wyse waarop hulle moet dink, word met die woord $\epsilon\acute{\iota}\lambda\iota\kappa\rho\nu\eta$ duidelik gemaak. Met $\epsilon\acute{\iota}\lambda\iota\kappa\rho\nu\eta$ beskryf Petrus 'n ernstige gesindheid met 'n suiwer motivering (vergelyk Louw & Nida, 1988i:747 vir die betekenis waarvoor $\epsilon\acute{\iota}\lambda\iota\kappa\rho\nu\eta$ gebruik word). Die konteks toon watter ernstige gesindheid met suiwer motivering Petrus in die oog het. Hy lei die lesers in die opvolgende verse immers om nie soos die spotters te dink nie. Hy wys in 3:5-7 wat die spotters in hulle redenasie in verband met God se betrokkenheid by die skepping buite rekening laat (vergelyk hoofstuk 9 punt 2.2.4) en leer hulle in 3:9-13 om op die korrekte wyse te dink aangaande die verloop van tyd voor die koms van die dag van die Here (vergelyk hoofstuk 9 punt 3.2.4).

Petrus wil dus 'n ernstige ($\epsilon\acute{\iota}\lambda\iota\kappa\rho\nu\eta$) wyse van dink ($\delta\acute{\iota}\alpha\nu\omicron\iota\alpha\nu$) by die lesers opwek. Hierdie ernstige wyse van dink behels dat die lesers nie deur die denkwysse van die valse leraars beïnvloed sal wees nie, maar dat hul denkwysse geskoei sal wees op dit wat die apostel aan hulle leer.

4.2.5.2 $\Delta\iota\epsilon\gamma\epsilon\acute{\iota}\rho\omega$ en die tweede brief wat die skrywer aan die lesers rig

Petrus omlin in 3:1 die wyse waarop hy 'n ernstige wyse van dink by die lesers wil opwek. Hy sê dat hy hulle in (ἐν) sy tweede brief, soos in sy eerste brief (ἐν αἴς) opwek. Die tweede brief van Petrus word dus aangedui as die draer van die opwekking.

Dit is baie opvallend dat Petrus uitdruklik vermeld dat sy skrywe reeds die tweede brief is waarin hy hulle opwek.

Kelly (1969:352) is van mening dat die vermelding van die eerste brief, 'n poging van 'n pseudonieme skrywer is om sy "apostolic standing" te beklemtoon. In die lig daarvan dat in hierdie studie reeds aanvaar is dat 2 Petrus deur die apostel Petrus geskryf is, kan hierdie standpunt nie aanvaar word nie.

Die konteks waarbinne die skrywer die eerste brief vermeld, toon 'n ander rede aan as wat Kelly stel. Uit hoofstuk 2 en 3 is dit duidelik dat daar in die toekoms mense sal kom wat 'n valse leer sal verkondig (vergelyk 2:1-2), asook spotters wat sal spot met God se oordeel (vergelyk 3:3-4). Dit blyk dat Petrus, deur te vermeld dat hy hulle reeds in sy eerste brief opgewek het, aan hulle wil duidelik maak dat hy nie, soos die mense wat hulle verskyning sal maak, 'n vreemde leer gaan verkondig nie. Dit wat hy in hierdie tweede brief skryf, kom ooreen met wat reeds in die eerste brief geskryf is. Soos hulle dit wat in die eerste brief geskryf is, aanvaar het, kan hulle ook dit wat in die tweede brief geskryf is, aanvaar.

Die skrywer beklemtoon dus eerstens dat die tweede brief wat hy tot die lesers rig, die draer is van die opwekking wat hy wil bewerk en tweedens dat dit wat in die brief geskryf is, nie 'n nuwe en vreemde leer bevat nie.

4.2.5.3 Die persoon wat *opwek* (διεγείρω)

Die skrywer het reeds in die aanhef duidelik gemaak in watter hoedanigheid hy aan die lesers skryf, naamlik as iemand wat onderdanig aan Jesus Christus is en as gesant van Jesus Christus optree (vergelyk hoofstuk 4 punt 4.2). Daar kan aanvaar word dat Petrus, wanneer hy sê dat hy by die lesers 'n ernstige denkwyse wil opwek, hy dit as apostel en as slaaf van Jesus Christus doen.

4.2.5.4 Διεγείρω en μνησθήναι

Petrus dui met die aoristus infinitief μνησθήναι in 3:2 die doel aan waarom hy die lesers se ernstige denke deur herinnering opwek (Bigg, 1969:289). Sy doel met die opwekking is dat die lesers sekere inligting uit die geheue moet oproep en dat die oproep van die inligting gepaard sal gaan met gepaste optrede (vergelyk punt 4.2.4.5 vir die betekenis waarvoor die woord μνησθήναι gebruik word).

Dit blyk dat Petrus daarmee weereens die doel van die brief aan die lesers duidelik maak. Hy stuur 'n tweede brief aan die lesers waarin hy hulle ernstige denke deur herinnering opwek om inligting uit die geheue op te roep.

Die inligting wat die lesers sal terugroep wanneer die skrywer by hulle 'n suiwere wyse van dink opwek, word ook in 3:2 vermeld: hulle sal volgens 3:2a die woorde (τῶν ῥημάτων) wat voorheen deur die profete gespreek is (προειρημένων), onthou.

Die feit dat Petrus reeds in 2:1 die Ou-Testamentiese profete ter sprake gebring het, toon dat die profete waarna in 3:2 verwys word, nie profete van die Nuwe-Testamentiese tyd is nie, maar, soos in 2:1, Ou-Testamentiese profete.

Daar kan met Vögtle (1970:125-126) saamgestem word dat dit in 3:3-4 duidelik is dat die skrywer met die woorde προειρημένων τῶν ῥημάτων hoofsaaklik verwys na profesieë wat gehandel het oor mense wat met die oordeel van God spot. Vögtle sê:

"Er denkt an jene alttestamentlichen Stellen, an denen die Sünder voll frevlerischen Hochmuts über die ausbleibende Strafe Gottes spotten (Am. 9:10); vgl. Mal. 2:17), sogar bis zur Leugnung der Existenz Gottes gehen (Ps. 110:4), diesen frevlerischen Spotttern jedoch das vernichtende Gericht (Am. 9:10; Jes. 5:18-20), sogar durch Feuer (Ps. 97:3; Jer. 5:12-4; Mal. 3:19) - das oft genannte Gerichtsmittel Jahwes -, angedroht wird."

Die feit dat Petrus in 3:4 die spot van die spotters verwoord met die woorde "Ποῦ ἐστὶν ..." dui ook sterk daarop dat Petrus in 3:2 na profesieë verwys waarin gehandel is oor die mense wat met God se oordeel spot. Vögtle stel in dié verband die volgende:

"Charakteristischer Ausdruck des höhenischer Neins der Spötter ist die 'Wo'-Formel (Ποῦ ἐστὶν ...): 'Wo ist denn Gott?' (Ps. 42:11); 'wo ist das Wort des Herrn? es erfülle sich doch' (Jer. 17:15); 'wo ist der Gott des Gerichtes?' (Mal. 2:17).

Wanneer Petrus dus die lesers se ernstige wyse van dink opwek, sal hulle die woorde van die profete onthou. Hierdie woorde van die profete handel oor mense wat met God se gerig spot.

Uit 3:2 is dit duidelik dat die lesers nie net die woorde van die profete sal onthou nie, maar ook die "gebod" (τῆς ἐντολῆς) van "ons apostels" (τῶν ἀποστόλων ὑμῶν) en van "die Here en Verlosser" (τοῦ κυρίου καὶ σωτῆρος).

Louw en Nida (1988i:426) toon aan dat die woord ἐντολῆς slegs in een semantiese veld gebruik word en wel vir die betekenis *dit wat gesagvol beveel word*. Dit blyk dat die skrywer deur die gebruik van hierdie woord die verpligting tot gehoorsaamheid op die voorgrond stel (vergelyk ook Knoch, 1990:274 en Paulsen, 1992:150). Wanneer die lesers se ernstige wyse van dink opgewek is, en hulle hierdie gebod onthou, behels dit dat hulle hul verpligting om die gebod te gehoorsaam, sal besef en uitvoer.

Die feit dat die skrywer twee genitiewe aan die woord ἐντολῆς verbind, te wete τῶν ἀποστόλων en τοῦ κυρίου καὶ σωτῆρος, laat die vraag ontstaan watter funksie die genitiewe inneem.

Watson (1988:126) aanvaar dat die tweede genitief 'n genitief van die besitter is ("the commandment of the Lord and Saviour") en beskou die eerste genitief as instrumenteel ("through your apostles"). Indien Petrus egter die apostels as die instrumente wou aandui, lyk dit meer logies dat hy διὰ τῶν ἀποστόλων sou gebruik (Van Houweling, 1993:78).

'n Beter verklaring blyk te wees dat albei genitiewe, genitiewe van die besitter is. Die skrywer wil dus stel dat die gebod aan sowel die apostels as aan die Here en Verlosser behoort (Bauckham, 1983:287).

Op hierdie wyse bewerk Petrus 'n verbindingslyn tussen die gebod, die apostels en die Here en Verlosser. Die gebod wat hy wil hê dat die lesers moet onthou, is die gebod van die apostels, want hulle het dit ontvang en moes dit aan die lesers verkondig. Die gebod is egter primêr die Here en Verlosser se wet, want Hy is die een wat dit oorspronklik aan die apostels gegee het.

Deur 'n verbindingslyn tussen die wet, die apostels en Jesus Christus te lê, benadruk die skrywer die implikasie daarvan as hierdie gebod nie "onthou" word nie. Hy maak dit by implikasie duidelik dat die een wat die gebod nie onthou nie, nie slegs die gebod verwerp nie, maar ook die apostels. So 'n persoon verwerp egter nie alleen die gebod en die apostels nie, maar ook die Here en Verlosser.

Dit blyk dus dat Petrus 'n tweede brief aan die lesers skryf waarin hy hulle ernstige denke opwek met die doel dat hulle inligting oor twee sake uit die geheue sal terugroep. Hulle moet eerstens die *woorde van die Ou Testamentiese profete* uit die geheue oproep - 'n aansporing om die profesieë oor mense wat met God se oordeel spot, uit die geheue op te roep. Die skrywer wil egter dat die lesers, naas die inligting oor die woorde van die profete, ook dat hulle inligting uit die geheue sal oproep oor die *gebod van die apostels en van Jesus Christus*.

Dit is belangrik om daarop te let dat Petrus met die woord $\mu\nu\epsilon\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ ook aandui dat die inligting wat die lesers uit die geheue oproep, gepaard moet gaan met gepaste optrede (vergelyk punt 4.2.4.5 vir die betekenis waarvoor die woord $\mu\nu\epsilon\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ gebruik word). Die oproep van inligting oor die woorde van die profete en die gebod van die apostels en van Jesus Christus behels dus gepaste optrede.

Die konteks waarbinne die woord $\mu\nu\epsilon\sigma\theta\eta\nu\alpha\iota$ gebruik word, toon watter gepaste optrede ter sake is. Soos reeds aangetoon is, verwys die woorde van die profete na die profesieë wat handel oor mense wat met die gerig van God spot. Dit blyk uit 2 Petrus 3 dat die spotters hulle standpunt oor 'n losbandige lewe gegrond het op die oortuiging dat daar geen oordeel sal wees nie (vergelyk hoofstuk 9 punt 1.2.2.4). Daaruit kan afgelei word dat, wanneer hulle die woorde van die profete *onthou*, die lesers gepas sal optree deur nie deur die spotters beïnvloed te word nie. Hulle moet die woorde van die profete uit die geheue terugroep en nie toelaat dat die spotters hulle standpunt verander nie.

Die gepaste optrede met betrekking tot die gebod van die apostels en die Here Jesus Christus word ook uit die konteks duidelik. Uit 3:3 is dit duidelik dat die spotters 'n lewe volgens eie begeerlikhede voorgestaan het (vergelyk hoofstuk 9 punt 1.2.2.3). Teenoor hierdie optrede staan die optrede wat die apostels van die lesers vereis. Petrus het immers reeds duidelik gemaak dat dit wat deur die apostels aan die lesers verkondig is, moet lei tot 'n lewe volgens God se wil (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.2.4.2). Wanneer Petrus dus stel dat die lesers die gebod van die apostels en die Here Jesus Christus uit die geheue moet oproep en dat dit gepaard moet gaan met gepaste optrede, is dit duidelik watter gepaste optrede ter sprake is: die lesers moet hulle lewe volgens die gebod van die apostels inrig. Om die gebod van die apostels te onthou, hou in dat daar volgens God se wil gelewe word.

Petrus se doel met sy tweede brief aan die lesers blyk dus die volgende te wees:

Hy wil die lesers tot ernstige denke opwek sodat hulle inligting oor twee sake uit die geheue sal terugroep en dat hierdie terugroep van inligting uit die geheue gepaard moet gaan met gepaste optrede. Eerstens moet hulle inligting terugroep oor die profesieë van die Ou-Testamentiese profete aangaande mense wat met die oordeel van die Here spot. Die onthou van hierdie inligting sluit in dat die lesers hulle nie deur die spot van die spotters van stryk sal laat bring in hulle oortuigings nie. Tweedens moet die lesers die gebod van die apostels onthou en in samehang daarmee 'n lewe volgens God se wil lei.

4.2.5.5 Ὑπομνήσει en die opwek van 'n ernstige wyse van dink

Die instrument waarmee Petrus die lesers wil opwek, word in 3:1 met $\epsilon\nu$ saam met die datief $\delta\upsilon\pi\omicron\mu\nu\eta\sigma\epsilon\iota$ aangedui. Petrus wil die lesers opwek deur te veroorsaak dat hulle inligting weer

uit die geheue terugroep en weer opnuut daarvoor dink (vergelyk punt 4.2.2 vir die betekenis waarvoor die woord ὑπομνήσει in 3:1 gebruik word).

Daar kan aanvaar word dat die inligting wat die lesers weer nuut voor oë moet kry, die leer van die apostels is, soos dit in 1:3-11 uiteengesit is. Die skrywer het immers reeds in 1:12 aangedui dat dit die dinge is waaraan hy die lesers wil herinner (vergelyk punt 1.2.3.1).

Deur te veroorsaak dat die lesers die dinge wat hy in die opsomming van sy leer (1:3-11) uiteensit, weer eens voor oë kry, wil Petrus dus die lesers aanspoor om die woorde van die profete en die gebod van die apostels en van Jesus Christus te onthou.

5. Gevolgtrekkings

5.1 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 (1:12)

- 5.1.1 Petrus bring deur die gebruik van die woorde ὑπομνήσκειν en εἰδότας die kenmotief na vore.
- 5.1.2 Die woord ὑπομνήσκειν in 1:12 wys op 'n daad waarin veroorsaak word dat inligting uit die geheue opgeroep word en weer opnuut daarvoor gedink word.
- 5.1.3 Εἰδότας in 1:12 word gebruik om in die algemeen die besit van inligting wat bekom is aan te dui.
- 5.1.4 Die skrywer maak dit duidelik dat hy wil veroorsaak dat die lesers die dinge wat hy in die opsomming van sy leer in 1:3-11 uiteengesit het, uit hulle geheue oproep en weer opnuut daarvoor dink.
- 5.1.5 Petrus beklemtoon dat hy die lesers altyd in die toekoms sal herinner en dat hy dit sal doen deur die brief wat hy tot hulle rig. Die brief kry daarmee die status van 'n geestelike testament.
- 5.1.6 Die skrywer herinner die lesers in gehoorsaamheid aan Jesus Christus en as gesant van Jesus Christus.
- 5.1.7 Petrus maak dit implisiet aan die lesers duidelik dat die leer wat hy aan hulle verkondig, nie 'n vreemde leer is nie. Hy en die ander apostels deel hierdie leer alreeds met die lesers as gemeenskaplike geloofsgrond.
- 5.1.8 Die besit van inligting oor die dinge wat Petrus aan die lesers in 1:3-11 leer, is egter nie genoegsaam nie. Die lesers, so beklemtoon Petrus, moet hierdie inligting opnuut voor oë hou.
- 5.1.9 Die skrywer beklemtoon vir die lesers dat dit nie genoegsaam is dat hulle standvastig is in hulle standpunte oor die evangelie wat die apostels aan hulle verkondig het nie. Die valse leraars kan veroorsaak dat hulle hierdie standvastigheid verloor. Hy wil egter veroorsaak dat hulle die leer wat hy in

1:3-11 uiteensit, vas voor oë het. Daardeur kan hy voorkom dat hulle hul standvastigheid verloor.

5.2 Die kenmotief in die gedagte-eenheid 2 (1:13-14)

- 5.2.1 Die gebruikmaking van die woorde ἠγοῦμαι (1:13), ὑπομνήσει (1:13), διεγείρειν (1:13), εἰδώς (1:14) en ἐδηλωσέν (1:14) laat die kenmotief in gedagte-eenheid 2 figureer.
- 5.2.2 Die woord ἠγοῦμαι in 1:13 verwys na die algemene betekenis om 'n opinie te hê of 'n perspektief te handhaaf.
- 5.2.3 Petrus gebruik die woord διεγείρειν om aan te dui dat iemand met verworwe kennis gereed is.
- 5.2.4 Met die woord εἰδώς verwys die skrywer na die algemene besit van inligting.
- 5.2.5 Ἐδηλωσέν in 1:14 word gebruik vir die bekendmaking van iets deur duidelik te maak wat voorheen onbekend of onduidelik was.
- 5.2.6 Petrus stel in 1:13 uitdruklik wat die doel van sy skrywe is: hy wil die lesers geestelik opwek. Hierdie doelstelling moet teen die agtergrond van die koms van die valse leraars verstaan word.
- 5.2.7 Die rede waarom Petrus as persoon die lesers wil opwek, is omdat hy weet dat sy Sender Jesus Christus dit van hom verwag.
- 5.2.8 Die instrument wat Petrus wil gebruik om die lesers op te wek, is herinnering. Deur te veroorsaak dat die lesers die dinge wat hy in die opsomming van sy leer in 1:3-11 uiteengesit het, uit die geheue oproep en opnuut voor oë kry, wil hy hulle opwek.
- 5.2.9 Die skrywer maak dit duidelik dat hy in die kort tydjie wat hy het om te leef sy verantwoordelikheid wil nakom om die lesers te herinner. Hierdie verantwoordelikheid het hy teenoor Jesus Christus persoonlik. Daarmee maak hy duidelik dat hy in opdrag van Jesus Christus vir hulle 'n geestelike testament nalaat. Hy beklemtoon ook daarmee hul verantwoordelikheid om hulle aan die testament te steur.

5.3 Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (1:15)

- 5.3.1 In gedagte-eenheid 3 word slegs een woord gebruik waardeur Petrus die kenmotief na vore bring, naamlik μνήμην.
- 5.3.2 Μνήμην wys in 1:15 op die oproep van inligting uit die geheue. Die feit dat inligting uit die geheue opgeroep word impliseer egter nie dat die inligting vergeet is nie. Die inligting wat opgeroep word, moet egter weer opnuut voor oë gestel word.

- 5.3.3 Die inligting wat weer opnuut voor oë gestel moet word, is, soos in 1:12, inligting aangaande die leer van die apostels wat in 1:3-11 beredeneer is.
- 5.3.4 Die skrywer is volgens 1:15 van plan om, nadat hy die brief geskryf het, sorg te dra dat dit tot beskikking van die lesers is. Op so 'n wyse sal hy sorg dat die lesers altyd die leer wat hy in 1:3-11 aan hulle voorhou, uit die geheue kan oproep en weerens voor oë het. Hierdie herinnering sal dan ook vir die geslagte wat kom, as herinnering dien.
- 5.3.5 Die doel van die apostel om die lesers deur herinnering op te wek, moet verstaan word teen die agtergrond van die valse leraars wat sou kom.

5.4 Die kenmotief in gedagte-eenheid 4 (3:1-2)

- 5.4.1 In gedagte-eenheid 4 bring Petrus die kenmotief na vore deur die gebruik van die volgende woorde: διεγείρω (3:1), ὑπομνήσει (3:1), διάνοιαν (3:1) en μνεσθήναι (3:2).
- 5.4.2 Διεγείρω in gedagte-eenheid 4 word gebruik vir die betekenis om te veroorsaak dat iemand met verworwe kennis waaksaam en gereed is.
- 5.4.3 Ὑπομνήσει in gedagte-eenheid 4 verwys na 'n daad waardeur veroorsaak word dat inligting uit die geheue opgeroep word en weer opnuut daarvoor gedink word.
- 5.4.4 Διάνοιαν in gedagte-eenheid 4 hou verband met die hanteer en verwerking van inligting. Die woord beklemtoon dat op 'n spesifieke wyse gedink word.
- 5.4.5 Die woord μνεσθήναι in 3:2 hou verband met die berging en oproep van inligting uit die geheue. Μνεσθήναι omsluit twee betekenis-komponente, te wete die *oproep van inligting* en die *gepaste optrede wat daarmee gepaard gaan*. Wát hierdie gepaardgaande optrede is, moet uit die konteks afgelei word.
- 5.4.6 Petrus wil 'n ernstige wyse van dink by die lesers veroorsaak. Dit behels dat die lesers sal dink volgens die riglyne wat die skrywer aan hulle voorhou, en nie hulle denke sal laat beïnvloed deur die valse leraars nie.
- 5.4.7 Petrus maak dit vir die lesers duidelik dat hy nie, soos die valse leraars, 'n nuwe leer aan hulle bring nie. Dit is nie 'n nuwe leer nie aangesien dit wat hy aan hulle skryf, ooreenkom met dit wat hy reeds in sy eerste brief aan hulle geskryf het.
- 5.4.8 Petrus wek die lesers in sy hoedanigheid as apostel op.
- 5.4.9 Die brief wat Petrus aan die lesers rig, is die instrument waarmee hy die leser wil opwek.
- 5.4.10 Petrus maak die doel waarom hy die lesers se ernstige denke wil opwek in 3:2 bekend. Hy wil hulle ernstige denke opwek sodat hulle inligting oor twee sake uit die geheue sal oproep. Hierdie oproep van inligting uit die geheue moet

gepaard gaan met gepaste optrede. Eerstens moet hulle inligting oor profesieë van die Ou-Testamentiese profete aangaande mense wat met die oordeel van die Here spot, uit die geheue oproep. Die onthou van hierdie inligting sluit in dat die lesers hulle nie deur die spot van die spotters van stryk sal laat bring in hulle oortuigings nie. Tweedens moet die lesers die gebod van die apostels onthou en gepaardgaande daarmee 'n lewe volgens God se wil lei.

5.4.11

Die instrument waardeur die apostel die lesers se ernstige denke wil opwek, is herinnering. Deur te veroorsaak dat die lesers inligting weer uit die geheue oproep en weer nuut daarvoor dink wil hy dat hulle suiwer denke opgewek word.